# Hoekom Huil?

*“…treur nie en ween nie. Want die hele volk het geween …”*

Nehemia 8:10

Wanneer ’n spreker sy dringende boodskap goed oordra en die luisteraars word so daardeur geraak dat hulle in trane uitbars, dan het die spreker hom goed van sy taak gekwyt. Hy het die regte snaar aangeroer, sy luisteraars diep geraak en hulle is deur sy woorde getref. Dink maar aan die kommersiële dominees in Amerikaanse “optree-dienste”: hoe meer trane, hoe hoër is die kyk-syfers, en hoe groter word die naam van die dominee.

*Die volk het iets gedoen wat ons nie so dikwels doen nie: hulle het in trane uitgebars – en dit weens hulle sondes!*

Daar kan verseker ook goeie redes wees om te huil wanneer jy die evangelie hoor. Die Jode in Jerusalem het gehoor hoe die skrifgeleerde Esra die wet van Moses voorlees. Hulle het spesiaal na Jerusalem gekom en wou graag God se Woord tot hulle laat deurdring. ’n Magtige bewys van die werk van die Heilige Gees. Die volk het iets gedoen wat ons nie so dikwels doen nie: hulle het in trane uitgebars - en dit weens hulle sondes!

## Genade en sonde

Wat het daar gebeur? Die Jode is met die waarheid van God oor hulself gekonfronteer. Hulle het na Jerusalem gekom, ernstig opsoek na God, maar hier word hulle kliphard met hulle eie sonde gekonfronteer en op hulle eie sonde gewys. So werk dit: wanneer jy God in die oë kyk en sy genade kom na jou toe, dan word ook die besef van jou eie kleinheid en sonde verdiep. Bewuswording van genade en sonde. Hoe het hulle nie tekort geskiet nie, hoe het hulle God tog teleurgestel! Die werklikheid dring so sterk tot hulle deur dat hulle emosies hoorbaar en sigbaar word. Trane van intense verdriet en trane van vreugde.

Maar die leiers van die volk gryp in. Hulle roep luid: “Moenie rou bedryf en ween nie!”

## Agteruit en vorentoe

Om te ween en om te rou is iets wat baie energie van ’n mens vra. Jou eetlus verdwyn en jy het die neiging om jouself terug te trek. Jy raak doodmoeg.



Dit kan ook gebeur in jou omgang met die HERE. Om te ween en te rou oor jou sonde is op sig ’n goeie ding. Miskien huil en rou ons te min oor hierdie rede. Maar oppas dat jy nie jouself hierin vasloop nie.

Om te ween en te rou beteken om agtertoe te kyk. Om terug te kyk na wat verkeerd was en nou ’n gedane saak is. Om terug te kyk na jou sonde is goed. Maar die leiers het aan die Jode voorgehou dat dit nie daar ophou nie. Dit is altyd: sonde én genade. Wie slegs ’n wenende, rouende en bekommerde terugkykende geloof het, maak asof daar net sonde is. Die leiers roep die Jode op om ook vorentoe te kyk. Want jy is wel sondaar, maar God bly God. Genadig ondanks alles en deur alles heen.

## Energie

Om te rou en te ween kos baie energie. Veral wanneer jy dit soos die Jode doen, naamlik vastend. Dan raak jy gou uitgeput. Ook daarom roep die leiers die volk op: “Moenie ween en rou nie!” Om te bly staar na jou sonde kan op die ou einde baie frustrasies veroorsaak. Dit breek af. Om op te kyk na God gee bemoediging en gee nuwe krag.

’n Belangrike vraag is dus: Hoe bestee jy jou geestelike krag? Die antwoord op hierdie vraag hang af van die manier waarop jy God ken. Die Jode moes weer daarna luister. So stukkend as wat hulle was deur hul eie sonde is daar aan hulle verkondig: Die God wat die sonde veroordeel, is ook die God van genade wat sondaars red. Om Christus te ken beteken dat berou oor jou sondes en vertroue in die vergewing daarvan bymekaar hoort.

*Om Christus te ken beteken dat berou oor jou sondes en vertroue in die vergewing daarvan bymekaar hoort.*

Huil oor jou sondes? Ja, dit is nodig.

Maar slegs teenoor Christus: met trane en ’n lag.

B van Zuijlekom

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is vertaal deur Marga Anholts*